

TEOLOGIESE AANTEKENINGE BY DIE JUBILEUM VAN “ONS THEOLOGISCHE SEMINARIUM” OP STELLENBOSCH

R.M. Britz¹

ABSTRACT

THEOLOGICAL REFLECTIONS ON THE 50TH ANNIVERSARY OF “OUR THEOLOGICAL SEMINARY” AT STELLENBOSCH

With reference to the jubilee of the Theological Seminary of the Dutch Reformed Church in Stellenbosch in 1909, this contribution emphasises the theological diversity within the Dutch Reformed Church at the time. A careful assessment of the contemporary Dutch Reformed theological and ecclesiastical journals reveals the introduction of the critical theological views of what Bebbington described as the “Liberal Evangelicals.” Younger ministers among the evangelical faction of the Cape Dutch Church played a significant role in this regard. In their academic work they accommodated the results of the historical criticism and reflected on the significance of the human character of Scripture. The article thus tells the story of the initiation of an important — and different — theological conviction that influenced the Dutch Reformed Church throughout the 20th century.

1. INLEIDING

Gij draagt van daar weg niet alleen opgedane kennis, maar ook, in uw geheugen, een prachtige schilderij van een allerfraaiste dorp...²

Aan die woord is iemand oor Stellenbosch, waar hy destyds teologie studeer het. Hy het van Pretoria gekom om te deel in die jubileum van sy *alma*

- 1 Prof. dr. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Posbus 339, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.
britzrm.hum@mail.uovs.ac.za
- 2 Sien “Van Pretoria naar Kaapstad, en terug.” In: *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909. Was die skrywer ds. E.Z.J. de Beer (1841-1918)? Hy was redakteur van hierdie blad en tewens een van die eerste studente wat op Stellenbosch afgestudeer het. Hy is in 1864 gelegitimeer. Sien *Eenfeesuitgawe van die Kweekskool, Stellenbosch 1859-1959*. N.G. Kerk-Uitgewers: Kaapstad, 1959, 76.

mater. Op 1 November 1909 sou die Kweekskool 50 jaar oud wees. Wat sou die oud-student hierdie keer van Stellenbosch mee kry?

2. DIE “OU” TEOLOGIE?

Iets van Calvyn? Dié is immers 400 jaar gelede gebore. In die N.G. Kerk is vroeër hierop gewys. Reeds in die eerste uitgawe van *Het Weekblad der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* is die lesers daaraan herinner dat 1909 die “vierde eeuweest van de geboorte van Johannes Kalvijn” is.³ “De Moderatuur van onzer Kerk geeft aan de hand dat op Zondag, 11 Juli, aanst., de aandacht der gemeenten bepaal zal worden bij het leven en het werk van Calvijn en deszelfs waarde voor de kerk des Heeren in het algemeen, en voor onze Kerk in het bijzonder,” skryf die “Scriba Synodi” ds. I.F.A. de Villiers (1857-1941),⁴ predikant van Worcester, op 21 Mei 1909 in *De Kerkbode*.⁵ Niemand het egter laat weet hoe hieraan in die plaaslike gemeentes gevolg gegee is nie. Ook nie of dit wel plaasgevind het nie. Die kerklike blad het wel twee kort artikels oor “Johannes Calvijn 1509-1909” gedurende Junie en Julie 1909 geplaas.⁶ Dan was daar nog ’n berig oor die viering van hierdie gebeurtenis in Frankryk en ’n gediggie van G.B.A. Gerdener oor “Johannes Kalvijn.”⁷ *De Christelike Unie No. 1*⁸ het “Een avond met Calvijn” op 6 Augustus 1909 gereël en gemeen dat “de werkjes van Penning over Calvijn ... en Irwin oor John Calvin...” vir hierdie doel gelees kan word.⁹ *Gereformeerd Maandblad* het weer die negatiewe beeld van Calvyn reggestel waarvolgens

men ... zijn “uitverkiezingsleer” (verhief) tot het een en het al in de theologie en er ontstond een dorre, kille, hartelooze *recht*geloovigheid, waaraan alle *rechtgeloovigheid* was ontvallen.¹⁰

3 *De Kerkbode* XXVI (1) 7 Januari 1909, 3.

4 *Eeufoesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 78.

5 *De Kerkbode* XXVI (23) 10 Juni 1909, 279.

6 *De Kerkbode* XXVI (25) 24 Juni 1909, 292 e.v.; *Dies.*, (26) 1 Juli 1909, 305 e.v.

7 *De Kerkbode* XXVI (27) 8 Juli 1909, 317.

8 D.w.s. in Kaapstad.

9 *De Kerkbode* XXVI (26) 1 Juli 1909, 301. Die boek van L. Penning waarna verwys is, is *Het leven van Johannes Calvijn en zijn tijd aan het Nederlandsche volk verbaald*. Breede: Rotterdam, 19--. C.H. Irwin het ’n “goedkoop en degelijk werkje” oor Calvyn geskryf. Vgl. sy *John Calvin: the man and his work*. Religious Tract Society: London, 1909. Sien *De Kerkbode* XXVI (24) 17 Juni 1909, 286 vir ’n kort aanbeveling.

10 *Gereformeerd Maandblad* XIV (8) Augustus 1909, 114 e.v. Hierdie *Godsdienstig en Maatschappelijke Tijdschrift voor Zuid-Afrika* was onder redakteurskap van proff. J.I. Marais en C.F.J. Muller van die Teologiese Seminarium.

In Bloemfontein het *De Fakkel* in sy uitgawe van 16 Junie 1909 Calvyn bekendgestel.¹¹ In die uitgawe voorafgaande daaraan verskyn 'n bladsy of twee oor *Het Calvinisme*. Daarin word na die betekenis van Calvyn gevra. "Hij gaf," word gesê, "aan de Kerk 'haar belijdende leer en vaste organisatie'." Die skrywer verduidelik dit egter in terme "het Calvinisme," wat (so haal hy Kuypers uit sy "Stone-Lezingen" aan¹²) "een zelfstandige levensrichting, die uit een eigen levensbeginsel een eigen vorm voor ons leven en ons denken ontwikkeld heeft."¹³ Dan lê die artikel die verband tussen "het Calvinisme" en "ons." As sodanig is dit een van die heel vroegste aanduidinge hiervan uit die gelede van die N.G. Kerk. Dit word 'n inbeelding.

Wat er degelijks in onze Kerk is; wat er ook nog onbuigsams in ons volkskarakter zit; wat er ook ongenegens in ons is om met allen wind der leer saam te gaan, dat hebben wij aan ons Calvinisme te danken.¹⁴

Sou hulle toe al op Stellenbosch oor die "Calvinisme" begin praat het? Soos dit gebeur het by die *Driekwart Eeufees* in 1934?¹⁵

Origens het die jaar sy normale verloop vir die N.G. Kerk geneem. *De Kerkbode* se talle kerklike aankondiginge, berigte, verslae en inligtingstukke vertel die verhaal van 'n geaktiveerde "kerk" wat 'n evangeliese teologie en presbiteriaanse ekklesiologie met 'n genootskaplike kerkbegrip versoen het en so haarself en haar roeping verstaan het. Dit is aangevul en ondersteun deur erkende Christelike verenigings: die *Vrouwe Zendingbond*,¹⁶ *Manne Zen-*

11 *De Fakkel* was tot 1910 die "Offisieel Orgaan Ned. Geref. Kerk, O.R. Kolonie". Sien *De Fakkel* XVIII (6) 16 Junie 1909, 133 e.v. Die skrywer is afgekort as S.J.P. Dit slaan op ds. S.J. Perold (1864-1940) van Philippolis. Sien *Eeufeesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 112.

12 Hy verwys hier waarskynlik na die uitgawe van Kok in Kampen: *Het Calvinisme*. S.d.

13 *De Fakkel* 18 (7) 30 Junie 1909, 149. Sou die redakteur ds. J.D. Kestell (1854-1941) dit geskryf het?

14 *De Fakkel* 18 (7) 30 Junie 1909, 150.

15 Sien vir hierdie geleentheid die *Gedenkboek van die Teologiese Seminarie (N.G. Kerk) Stellenbosch. Driekwart Eeufees 1859-1934*. Stellenbosch: Pro-Ecclesia-Drukkery, 1934. By die fees is opnuut beklemtoon, skryf *Die Gereformeerde Vaandel*,

dat die beste verweermiddel lê in die versterking van die Calvinistiese fundamente waarop die N.G. Kerk histories gebou is.

Daarom is daar ook besluit om 'n *Kalvinistiese Konfessionele Unie* in Suid-Afrika op te rig. Vgl. *Die Gereformeerde Vaandel* II (12) Desember 1934, 358.

16 Die Hoofbestuur van die Bond het haar *Na vyftig jaar {1889-1939}* in 'n *Goue Jubileum van die Vrouesendingbond van die Kaapprovinsie* in 1939 bekendgestel.

dingbond,¹⁷ *Christelike Jongeliede Vereeniging* en die *Christelike Strevers Unie*,¹⁸ om 'n paar te noem. Om “de voorwaartsche beweging in onze kerk om vijf nieuwe zendelingen naar Nyasaland en tien naar Mashonaland” te stuur, is *De Zending Kruistocht* van stapel gestuur.¹⁹ In die sentrum van hierdie opwekkingstog²⁰ het die bejaarde dr. Andrew Murray (1828-1917) gestaan. Dit was 'n tyd van mobilisering vir sending. Hierdie benadering het help beslag gee aan *Gaat dan benen! Handleiding tot de Studie der Zending* wat juis toe uit die energieke pen van ds. Johannes du Plessis (1868-1935),²¹ sekretaris van die Algemene Sendingkommissie van die N.G. Kerk, verskyn het.²²

(Nasionale Pers, Kaapstad.) Dit bevat ook 'n kort historiese oorsig. In 1964 is dit soortgelyk opgevolg: *Na vyf-en-seventig jaar 1889-1964*. Mev. A.J. van Wijk het dit saangestel en dit is deur Nasionale Handelsdrukkery in Elsiesrivier gedruk.

- 17 Vgl. H.C. Hopkins: *Die Manne-Sendingbond van Kaapland 1908-1958*. S.u., s.d.
- 18 Sien hiervoor W. de W. Strauss: *Strewersgedenboek 1901-1951. Die Christelike Strewersunie onder beskerming van die Gefeedereerde Ned. Geref. Kerke*. Citadel-Pers, Kaapstad, 1951. Vgl. ook *Die Christen Studente Vereniging van Suid-Afrika 1896-1936*. Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1936; Gerdrie van der Merwe: *Jesus is Koning. Die verhaal van die Christen Studente Vereniging van Suid-Afrika 1896-1996*. C.S.V. van Suid-Afrika: Stellenbosch, 1996, 1 e.v., 18 e.v. Op die genootskaplike kerkbegrip wat die bediening in die hand van verenigings stel, het J.D. du Toit vroeg in die eeu al op gewys. Sien o.a. sy *De Christelike Strevers-Vereniging (C.S.V.) nog eens. Antwoord aan Het Gereformeerde Maandblad, ds. L. Fick, D.J. le R. Marchand*. Höveker & Wormser: Pretoria, 1906.
- 19 Sien *De Kerkbode* XXVI (21) 27 Mei 1909, 245 e.v. Kenmerkend hiervan was diensreekse en fondsinsameling. So het dr. Murray, prof. J.I. Marais, di. S.P. Helm en J. du Plessis byvoorbeeld op 4 en 5 April 1909 “speciale dienste ... in die Kaapstad en Voorsteden in verband met de Zending” gehou (sien *De Kerkbode* XXVI (12) 25 Maart 1909, 134). Uiteindelik sou die “Kruistocht Dank Congres” op Robertson plaasvind, waar dr. H.P. van der Merwe predikant was (*De Kerkbode* XXVI (32) 12 Augustus 1909). Sien ook A.S. Erasmus: *Die bediening van Johannes du Plessis 1869-1935 in die Ned. Geref. Kerk met besondere verwysing na sy teologiese denke. 'n Kerkhistoriese studie*. Ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1986, 148 e.v.
- 20 Van die beste uiteensettings van die teologie van Murray is te vinde by J.W. Maris: *Andrew Murray 1828-1917. Profiel van zijn opwekkingstheologie*. Willem de Zwijgerstichting: Apeldoorn, 1995.
- 21 Vir hom, sien die uitstekende biografie van Erasmus: *a.u.* Vir 'n evaluering van die boekie, *dies.*, 155 e.v.
- 22 Die boekie is in 1909 gepubliseer by die Pro Ecclesia Drukkerij, Stellenbosch. Tipierend is die uitgangspunt waarmee hy werk: sending is

Hierbenewens het die N.G. Kerk sy praktiese teologie voortgaande in “spesiale dienste” en die talle konferensies gedurende 1909 bly beoefen.²³ Nie net het Ringe en Kerkrade hierin inisiatief geneem nie, maar ook die verenigings wat die Kerk aan die hand geneem het. Die teologiese inhoud van die konferensies wag nog op uitklaring en studie. Is dit te veel gesê dat die klem hier dikwels geval het op die soteriologie, wat veral in terme van die sekerheid en ervaring van die geloof verreken is? En, dat dit nie vry was van ’n Arminiaanse inkleding en metodistiese inslag nie?²⁴ Hier was besliste aansluiting by die invloedryke en omvattende beweging van die *Evangelicalism* (of *Evangelical religion*) en ook die Amerikaanse *Fundamentalism*²⁵ eie aan die Anglo-saksiese teologie. In sy studie hiervan identifiseer Bebbington

four qualities that have been the special marks of the Evangelical religion: *conversionism*, the belief that lives need to be changed; *activism*, the expression of the gospel in effort; *biblicism*, a particular regard for the Bible; and what may be called *crucicentrism*, a stress on the sacrifice of Christ on the cross. Together they form a quadrilateral of priorities that is the basis of Evangelicalism.²⁶

Hoewel ’n mens versigtig moet wees vir veralgemening, is dit nie moeilik om hierdie invloed in die teologie van die N.G. Kerk rondom die eeuwending aan te dui nie. Daarvan getuig die boekelys wat G.B.A. Gerdener

het zenden van christelijke heilsboden tot heidensche volkeren, ten einde het met de liefde van God in Christus bekend te maken.”
(*Dies.*, 1 e.v.)

- Sy internasionaal erkende werk *A History of Christian Missions in South Africa* (Longmans, Green & Co.: London, 1911) is ook deur hierdie benadering gestempel.
- 23 In sy proefskrif oor *De Gereformeerde Kerkbode* kon Booyens nie anders as om ’n hoofstuk hieraan te wy nie. Sien B. Booyens: *De Gereformeerde Kerkbode 1849-1923 as bron van die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis*. Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1993, 379-406.
- 24 By die *Christelike Strevers Vereniging* se konferensie op Worcester, 25-28 Maart 1909, was die tema: *De Kerk en de heidenuereld* (*De Kerkbode* XXVI (11) 18 Maart 1909, 123). Die Vereniging se konferensie twee weke later op Wellington het weer gehandel oor *Het Kruis van Christus* (*De Kerkbode* XXVI (12) 25 Maart 1909, 134).
- 25 Vgl. in hierdie verband die werk van G.M. Marsden: *Fundamentalism and American Culture. The Shaping of Twentieth-Century Evangelicalism: 1870-1925*. Oxford University Press: New York/Oxford, 1980.
- 26 D.W. Bebbington: *Evangelicalism in modern Britain. A history from the 1730s to the 1980s*. Routledge: London and New York, 1994, 3.

(1881-1967)²⁷ voeg by sy pleidooi vir “spesiale dienste en persoonlik werk”²⁸ in *De Kerkbode*-uitgawe van 7 April 1910:

Torrey: *How to bring men to Christ*. Trumbull: *Individual work for Individuals. How to deal with doubt and doubters*.²⁹ Hogben: *One by One*. Torrey: *Vest pocket companion*, in ’t Hollandsch vertaald door ds. J. Louw (uit de markt, geloof ik).³⁰ *Wenken voor jonge bekeerden*.

In sy verwysings na Moody,³² Torrey³³ en Trumbull³⁴ (o.a.) maak Marsden die opmerking dat

the Awakening of the eighteenth century introduced into an essentially Calvinistic context a new style of emotional intensity, personal commitment to Christ, and holy living inspired directly by German and Methodist pietism. In the unrestrained American environment this union sprang innumerable variations of Calvinist and Armenian theology, multiplied by countless varieties of denominational and revivalist emphases.³⁵

Uiteraard is die konteks in Suid-Afrika geheel verskillend, hoewel die uitgangspunte van hierdie teologiese aksentuering en metode dus hier navolging gevind het.

Was dit die rede waarom die baptis E.B. Meyer (1847-1925), na sy besoek aan Suid-Afrika en die N.G. Kerk,³⁶ opgemerk het

- 27 Vir hom, kyk G. van der Watt: *G.B.A. Gerdener, koersaanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending en ekumene*. Ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1990.
- 28 Sien M.C. Franken: *Spesiale evangelieprediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1876-1945*. Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1987.
- 29 Hier word waarskynlik verwys na Henry Clay Trumbull (1830-1903), wat in die Amerikaanse Sondagskoolbeweging ’n prominente rol gespeel het. Sy seun Charles Gallaudet (1872-1941) het leier geword van die Keswickbeweging in Amerika. Sien D.G. Reid (Coordinating Editor): *Dictionary of Christianity in America*. Intervarsity Press: Illinois, c. 1990, 1183 e.v.
- 30 Vir R.A. Torrey (1856-1928), sien *dies.*, 1180 e.v.
- 31 *De Kerkbode* XXVII (14) 7 April 1910, 165.
- 32 Marsden: *a.w.*, 33 e.v.
- 33 *Dies.*, 37 e.v., 47 e.v.
- 34 *Dies.*, 96 e.v.
- 35 *Dies.*, 44.
- 36 Vgl. in hierdie verband sy insiggewende toerverslag: *A Winter in South Africa*.

dat uwe kerk nog de oudere Theologie en de oudere opvattingen van de Inspiratie is toegedaan, tevens dat ik, onder uw zijnde, gedurig werd herinnerd aan overeenkomst met de Puriteinen van 200 jaar geleden, en uw verhouding tot de personen en geschiedenis van 't Oude Testament ... In Groot Brittanje drijven wij al verder en verder van 't oude standpunt af, beide wat ons Theologie en wat onze beschouwing van 't Oude Testament aanbetreft. Vooral het laatste verliest al meer en meer zijn oude beteekenis voor ons. ... Het was mij dus verkwikkend om te vinden hoe trouw u nog vasthoudt aan de Evangelische leer, aan de Inspiratie en de ongeschondenheid van het Oude Testament.³⁷

Het ons dominee uit Pretoria aanvaar dat die feesviering op Stellenbosch teologies deur hierdie oortuiging gestempel sou wees? Dat die fees in diens sou bly van die aanvaarde “evangeliegesinde” benadering? Of, het die teologiese professore 'n nuwe weg begin aandui? “Voor 't jonger geslacht is er natuurlik een jonger Stellenbosch, met nuwe mannen ...”³⁸ merk die besoeker tog op.

3. OF, DIE “NUWE” TEOLOGIE?

Die vraag is of Meyer nie veralgemeen het nie? Het hy alles goed raakgesien? Was daar nie ook ander teologiese oortuigings aan die werk in die N.G. Kerk nie?

Ongeveer ses weke voor die Stellenbosch-fees het ds. Gustave Maeder (1846-1918)³⁹ 'n ope skrywe aan dr. Andrew Murray gerig oor “de plaats die de Bijbel moet innemen in ons geestelijk leven....” Die Ou en die Nuwe Testament, skryf hy,

is in één heerlijken brief gebonden, die uit den hemel is gezonden om dagelijks ... nagezien te worden, om meer en meer uit te vinden welk een schat van rijkdom Hij ons allen “bemaakt” heeft.

Dan steek hy sy vlaggie op. “De theologische student,” teken hy aan, “kijkt net zoo veel naar *'higher criticism'* nu als naar de eenvoudige Schrift die zichzelf op elke bladzij uitlegd.”⁴⁰ Hierdie opmerking spreek boekdele, omdat die historiese lees en gepaardgaande historiese kritiek van die Bybel

National Council of Evangelical Free Churches: London, MCMVIII. Hy wy 'n hele hoofstuk aan “The Murray Family,” *dies.*, 207 e.v.

37 *De Kerkbode* XXVI (4) 28 Januari 1909, 45.

38 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

39 *Feesuitgawe Kweekskool* ... a.w., 102.

40 *De Kerkbode* XXVI (37) 16 September 1909, 483.

en die standpunte van wat Bebbington noem die “Liberal Evangelicals”⁴¹ (waarvan Meyer nie deel was nie⁴²) blykbaar aan die Kaap inslag gevind het. Terwyl die “Conservative Evangelicals” steeds die status van die Bybel in hulle siening van die inspirasie en interpretasie van die Bybel sentraal gestel het, het die ander groep gepoog “to modify received theology and churchmanship in the light of current thought.”⁴³ Dit het die Bybel in die gedrang gebring.⁴⁴ By hulle is gemeen dat hierdie Boek nie “uit den hemel is gezonden” nie.

In ’n uitstekende oorsig oor die “Bible and change in the nineteenth century”⁴⁵ in die Skotse Free Church, wys Cheyne hoedat die nuwe uitgangspunte navolging by hierdie ortodokse en evangeliese kerk gevind het. In 1878 nog is William Cunningham, die bekende prinsipaal van New College in Edinburgh, se *Theological Lectures* uitgegee. Volgens Cheyne is dit “the ablest ... exposition of traditional views by any Scottish theologian in modern times.”⁴⁶ Maar, wys hy op die skuif wat gekom het:

Scarcely had the conservative doctrine of Scriptural authority been formulated in such unyielding terms when a very different view began to infiltrate scholarship in Scotland as elsewhere. Within the span of a lifetime, attitudes were revolutionized; and by the end of the century, still more by 1914, the older approach barely survived in universities and colleges and was visibly in retreat on the parochial front as well.⁴⁷

Hierdie omwenteling word verbind met William Robertson Smith,⁴⁸ die uitstaande student van “Scotland’s first great biblical critic A.B. Davidson.”⁴⁹ Davidson was sedert 1863 professor in Ou Testament aan die New College en het saam met die kerkhistorikus Robert Rainy (1826-1906) ’n deurslag-

41 Bebbington: *a.w.*, 181 e.v.

42 *Dies.*, 186, 188.

43 *Dies.*, 183.

44 *Dies.*, 184 e.v. Sien ook J. Macleod: *Scottish Theology in relation to church history since the Reformation*. The Publications Committee of the Free Church of Scotland: Edinburgh, 1943, 308 e.v.

45 A.C. Cheyne: *Studies in Scottish Church History*. T. & T. Clark: Edinburgh, 1999, 123 e.v.

46 *Dies.*, 130.

47 *Dies.* Sien ook *dies.*, 185.

48 Vgl. N.M. de S. Cameron (Organizing Editor): *Dictionary of Scottish Church History & Theology*. T. & T. Clark: Edinburgh, 1993, 258.

49 Cheyne: *a.w.*, 132. Sien ook Bebbington: *a.w.*, 184 e.v.

gewende rol in hierdie teologiese opleidingsplek gespeel. Trouens, merk Cheyne op, “under their aegis took place the momentous transition from the theological conservatism of Cunningham and his adjutors to the liberal evangelicalism” van later tyd.⁵⁰ In hierdie verband word die name van Marcus Dods,⁵¹ A.B. Bruce,⁵² en G.A. Smith⁵³ vermeld. Dit moet verder in gedagte gehou word dat hierdie teoloë as uitgesproke gelowiges vasgehou het aan die “belief in the compatability of faith and criticism.”⁵⁴ Daarom het hulle hulle akademiese werk nie gesien as ’n bedreiging vir die Christelike geloof of die kerk nie.⁵⁵

Studente uit die N.G. Kerk het voor 1900 graag aan die New College⁵⁶ gestudeer. Hier het hulle kennis gemaak met die nuwe teologiese insigte. Daarby het *Gereformeerde Maandblad* sedert 1892 gereeld hieroor geskryf. Dat Maeder goeie grond onder sy voete gehad het vir sy opmerking, blyk die duidelikste uit die *Kennisgeving van ’n Theologisch Symposium* wat 24–27 April 1909 in die gemeente van Oos-Londen gehou sou word. Die plaaslike leraar, ds. A.M. McGregor (1873-1943, M.A.)⁵⁷ behartig die reëlins terwyl “broeiders predikanten ... zeer hartelijk ter bijwoning (worden) uitgenodigd.”⁵⁸ Die tafel is gedek met onderwerpe wat die “Liberal Evangelicals” in Skotland so geboei het: “De nieuwe Theologie, De Kerk en de Hooger Kritiek, De Godsdienst en de Evolutie-leer” en “Inspiratie.”⁵⁹

’n Paar Kerkbodes later gee ds. McGregor, wat aan New College studeer het, ook ’n boekelys deur wat op aanbeveling van die inleiers vir voorbereidende studie gebruik kon word. Vir “*De Nieuwe Theologie: R.J. Campbell: The new Theology*,”⁶⁰ *Bishop Gore* (1853-1932): *The New Theology and the*

50 Cheyne: *a.w.*, 293.

51 *Dies.*, 133. In 1905 verskyn van hom *The Bible: Its Origin and nature*.

52 Cheyne: *a.w.*, 132 e.v.

53 *Dies.*, 134 e.v. Uit sy pen kom *Modern Criticism and the Preaching of the Old Testament* (1902). Vgl. ook Bebbington: *a.w.*, 185. Sien ook *Dictionary of Scottish Church History & Theology ... a.w.*, 780.

54 Cheyne: *a.w.*, 137.

55 *Dies.*, 135 e.v.

56 Vir ’n oorsig oor die geskiedenis van die New College, sien Cheyne: *a.w.*, 287 e.v.

57 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 104. Andrew Murray McGregor is in 1899 gele-gitimeer. Hy was die seun van ds. A. McGregor.

58 Sien *De Kerkbode XXVI* (34) 26 Augustus 1909, 410.

59 *De Kerkbode XXVI* (11) 18 Maart 1909, 123.

60 Campbell was ’n Kongregasionalis. Sy boek van 1907 “shocked the religious public with opinions so immersed in philosophical idealism as to verge on pantheism.” Sien Bebbington: *a.w.*, 198 e.v.

Old Religion.” Vir “*De Hoogere Kritiek: Wellhausen: Prolegomena; Sanday: The Oracles of God. Verder ook Driver, G.A. Smith, Orr, etc.*”⁶¹ Vir “*De Evolutie-leer: A. Russel Wallace: Darwinism; Henry Drummond: The Ascent of Man.*”⁶² *Newman Smyth: Through Science to Faith; I. Iverach: Evolution and Christianity.*” Vir “*Inspiratie: Gibson: Inspiration and Authority of Holy Scripture.*”⁶³ *Sanday: Inspiration.*⁶⁴ *Dods: The Bible: its Origin and Nature.*”⁶⁵ Word hierdie leeslys met dié van Gerdener vergelyk, is dit met die eerste oogopslag duidelik dat die *Symposium* teologies ’n ander weg wou opgaan. En, in die N.G. Kerk is hieroor gepraat. Toe die redakteur van die Kaapse kerkblad later na die *Symposium* verwys, merk hy immers op dat “de onderwerpen aldaar besproken handelden over kwesties die thans de gemoederen van velen in de Kerk bezig houden.”⁶⁶ Maeder was bewus hiervan, maar Meyer het dit blykbaar misgekyk. Opvallend is ook dat in die leeslys vir die *Symposium* leesstof wat hierdie ontwikkeling doelbewus geopponeer het, tog ontbreek.⁶⁷

Gereformeerde Maandblad het in Junie 1909 begin om ’n *Verslag van ’t Symposium gehouden te Oost Londen* te publiseer.⁶⁸ Ongelukkig het net die eerste deel van die verslag in druk verskyn. Gevolglik is slegs wat die *Symposium* oor “De nieuwe Theologie van Campbell” behandel en afgewys het, kortliks weergegee. Op die keper beskou het die navolging van bogenoemde nuwe teologiese rigting hom openlik in die *Symposium* aangekondig. En dit onder jonger evangeliegesinde predikante. Die uitgangspunte hiervan, veral met betrekking tot die Skrifbeskouing, het hemelsbreed verskil van die teologie waarvoor ds. Maeder by Andrew Murray gepleit het. Hier moes

61 James Orr was in die Anglo-Boereoorlog pro-Boer. Vir hom, sien *Dictionary of Scottish Church History & Theology ... a.w.*, 638.

62 Vir Drummond, sien *Dictionary of Scottish Church History & Theology ... a.w.*, 258.

63 Erasmus (*a.w.*, 150 e.v.) wys daarop hoedat J.M. Gibson Johannes du Plessis beïnvloed het. Du Plessis het dus aan die menslike sy van die Bybel meer ruimte toegeken en betoog dat daar tussen vorm en inhoud onderskei moet word. Uiteindelik sou Du Plessis die laaste grond van die geloof in die gelowige subjek fundeer. (Sien *dies.*, 152.)

64 Sien W. Sanday: *Inspiration. Eight lectures on the early history and origin of the doctrine of biblical inspiration.* Longmans, Green & Co.: New York, London and Bombay, 1896 (Third Edition). Sanday was Lady Margaret Professor of Divinity in Oxford. Hy het die induktiewe en kritiese inspirasieleer verdedig.

65 *De Kerkbode* XXVI (14) 8 April 1909, 157.

66 *De Kerkbode* XXVI (20) 10 Mei 1909, 232.

67 Vgl. hiervoor Bebbington: *a.w.*, 186 e.v.

68 *Gereformeerde Maandblad* XIV (6) Juni 1909, 94-95.

die aandag ten minste toegespits gewees het op die menslikheid van die Skrif.⁶⁹ Die Stellenbosse professore het die nuwe teologie geken. Sou die Jubileum die geleentheid bied om hierop in te gaan en koers aan te dui?

Maar, eers terug na Stellenbosch. Vir die besoekende predikant was dit 'n gelukkige meevaller dat die Sinode van die Kaapse Kerk juis toe in sitting was. "Want zoo kreeg ik, van Stellenbosch naar Kaapstad vertrokken, nu ook een kijkje op dat hoog eerw. Lichaam, waarvan ik vroeger lid was geweest."⁷⁰

4. DIE VERGADERING VAN DIE SINODE IN 1909

Toe "de twee en twintigste algemeene Kerkvergadering" van die N.G. Kerk van Suid-Afrika op 14 Oktober 1909 in die nuwe *Hugenoten Gedenkzaal* in Queen Victoriastraat in Kaapstad vergader, was dit byna tien jaar gelede dat die groot Suid-Afrikaanse Oorlog in die binneland uitgebreek het. Maar, daarna is nie verwys nie. Die openingsrede, gelewer deur ds. D.S. Botha (1852-1927),⁷¹ het op die Kerk gefokus. Vir die Stellenbosse predikant was die opleiding van leraars, sendelinge en onderwysers, die onderwys, die behartiging "van de belangen onzer armen," die sending en "het betekenisvolle vraagstuk van de organische vereeniging of hereeniging van onze Kerk met de zuster kerken in de naburige koloniën" die "levens kwesities waarvan er voor het voortbestaan, de ontwikkeling en de vruchtbaarheid der kerk zoo verbazend veel afhangt."⁷² Sake dus, van praktiese belang. Die spreker "heeft echter," skryf *De Kerkbode*,

iets vergeten dat bij zulke plechtigheden altoos gedaan wordt, nam., het gebed voor Koning en Regeering. Maar de tijd is voorbij dat men hem van eenig gebrek aan loyaliteit zou verdenken.⁷³

69 Vgl. in hierdie verband Erasmus: *a.w.*, 150 e.v.

70 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

71 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 71. Ds. Botha was predikant van Stellenbosch.

72 *De Kerkbode* XXVI (42) 21 October 1909, 567. Die vereniging van die N.G. Kerk het hoë prioriteit geniet en die verwagting was dat dit sou deurgaan. Die algemene gevoel was dat hiervan "voor de toekomst van onze Kerk en volk zoo verbasend veel afhangt." (Sien *De Kerkbode* XXVI (42) 21 October 1909, 567.) Vir die res van "De Openingsrede" van ds. Botha, sien *De Kerkbode* XXVI (43) 28 October 1909, 579 e.v.

73 *De Kerkbode* XXVI (42) 21 October 1909, 565.

Dit was die voorjaar van die Uniewording in Suid-Afrika.⁷⁴ Dit sou 'n politieke ontwikkeling en gebeurtenis wees wat die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse samelewings bepalend beïnvloed het. Op 'n manier van sy eie was dit 'n nuwe begin vir die land, 'n oriëntering aan die toekoms. Was hierdie nuwe gees die rede waarom “voor de eerste maal er eene deputatie van de Anglicaansche Kerk” op Dinsdag 26 Oktober 1909 in die Sinode ontvang is?⁷⁵ Die Church of the Province of South Africa was eweneens in sinode — in die *St. George's Cathedral*, 'n hanetreetjie van die *Hugenoten Gedenkzaal*. Die Aartsbiskop van Kaapstad, William Marlborough Carter (1850-1941),⁷⁶ het die afvaardiging persoonlik gelei. Tot verrassing en vreugde “van ons allen,” vertel *De Kerkbode*, het die Aartsdeken die Sinode hartlik “in de Hollandsche taal” toegespreek.⁷⁷ Die volgende dag is weer besoek afgelê by die “Domkerk.” “Den Moderator,”⁷⁸ skryf *De Kerkbode*,

plaatsten zij onder de Bisschoppen waar hij zich heel thuis scheen te gevoelen. Daar is eene deftigheid en waardigheid bij de kerk van Engeland die haar onderscheidt van andere kerkgenootschappen en die een weerklink vindt in de geest van onze Kerk.⁷⁹

Die Kaapse blad is oortuig dat die twee kerke die invloedrykste in die land is. Dan gaan hy voort:

Bij de ene politieke partij staat de Engelsche Kerk hoog aangeschreven; bij de andere partij wordt even zoo onze kerk geacht.⁸⁰

Die slotsom waartoe hy kom is dat indien hierdie twee saamwerk, 'n magtige invloed sou uitgaan “op de Regeering en in de samenleving.”⁸¹ Die

74 F.A. van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*. Perskor: Johannesburg, 1982, 250 e.v.

75 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 594.

76 Vir hom, sien die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, R.G.N.: Pretoria, 1968, 161-162. Sien ook P. Hinchliff: *The Anglican Church in South Africa. An account of the history and development of the Church of the Province of South Africa*. Darton, Longman & Todd: London, 1963, 190 e.v. Carter het 'n belangrike rol gespeel in die na-oorlogse posisionering van die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika.

77 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 595.

78 As Moderator is ds. A.I. Steytler (†1922) verkies. Sien A. Dreyer (Samestl.): *Jaarboek van die Nederduits Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika 1935*. Nasionale Pers: Kaapstad, 1934, 378.

79 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 595.

80 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 595.

81 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 595.

grootste vyand waarmee ons kerke te kampe het is nie ander kerkgenootskappe nie, maar “het toenemend ongeloof en het heerschend secularisme.”⁸²

Dit was ’n merkwaardige ontmoeting tussen juis hierdie twee kerkgenootskappe, veral omdat die Anglo-Boereoorlog uiteenlopend beleef en vertolk is. Vir die Church of the Province of South Africa, wat die oorlog teologies regverdig het, was dit ’n geleentheid om die onreg van die Suid-Afrikaanse gemeenskap reg te stel. Vir die N.G. Kerk was die oorlog ’n verleentheid en dit het juis in die teken van onreg gestaan.⁸³ Maar, nou na tien jaar kon die Kerke weer met mekaar saam op weg gaan. En, uitsien na ’n nuwe politieke en gemeenskaplike toekoms waarin, so is dit ingebeeld, beide ’n deurslaggewende rol te speel het. Bowendien was John X. Merriman, seun van die Biskop van Grahamstad en getroue lidmaat van die Anglikaanse Kerk,⁸⁴ Eerste Minister van die Kaapkolonie en het sy party, wat saam met die Afrikanerbond die Suid-Afrikaanse Party geword het, die 1908-verkiepinge gewen.⁸⁵

Van hierdie nuut ontdekte en noodsaaklike ekumene vermeld die Transvaler niks in sy reisverslag nie. Wel laat hy hom uit daaroor dat “(men) in de Hugenenoten gedenksaal ... niet goed (hoort).”⁸⁶ “Vroeger klaagde men daarover in de Groote Kerk; de verhuizing heeft niet veel geholpen.” Daarby is daar “nog een groote schuld” wat op die gebou rus. In plaas daarvan om van elke lidmaat ’n sjieling te vra en daarmee die gebou op te rig, is besluit om — en dit steek hom dwars in die krop — te bou

met daartoe geleend geld, de rente te vinden en een delgingsfonds te vormen uit de opbrengsten van de kantoren van het onderste deel van het gebouw uitmaken.

So besluit so gedaan.

Alleen de schuld is er nog en vereet [sic!] zich dik aan de renten en al de shillings per lidmaat zijn lang in de winkels gegaan voor peperment en dadels.⁸⁷

82 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 595.

83 Vgl. in hierdie verband die insiggewende artikel van E. Brown: “Die oorlog van 1899-1902 en die problematiek van die vaderlandse kerkgeskiedenis van die 20^{ste} eeu veral met verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk.” In: *Die kerk in die wêreld*. ’n Bundel opstelle. Kital, H.A.U.M.: Pretoria, 1982, 34 e.v.

84 Hinchliff: *a.w.*, 183.

85 Van Jaarsveld: *a.w.*, 248.

86 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

87 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

Dit daar gelaat. “Van Stellenbosch na Kaapstad en toen weer terug voor ’t Jubileum der Kweekskool.”⁸⁸ Die gedenkdatum het aangebreek.

5. NA STELLENBOSCH VIR DIE 50-JARIGE FEES

Op Vrydag 29 Oktober 1909 is byna die hele Sinode na Stellenbosch “om te deelen in die viering van het vyftig-jarig bestaan van ons Theologiese Seminarie,”⁸⁹ net soos in die geval van 1883, toe die Seminarium 25 jaar oud was.⁹⁰ Kerk en Seminarium hoort bymekaar en is in-een gedink.⁹¹ Op die program was ’n feesdiens, ’n onthaal, groeteboodskappe gedurende die middag en ’n studentereunie die aand.⁹²

“’t Jubileum had teen sich dat het dien dag regende en dat de organisasie te wenschen overliet. Er was gebrek aan een voorbok,” lig die Transvaalse besoeker sy lesers in.⁹³ Nietemin was die kerkgebou propvol. “Onder de aanwezigen,” skryf *De Kerkbode*, “waren Z.Ed. Gestr. De Hoofd-Rechter, vier leden van het ministerie,” en ’n aantal parlementslede.⁹⁴ Dan was daar ook lede van moderature van “de Kerk in den Vrijstaat en den Transvaal,” deftig uitgevat in ampsdrag. Ook “de vader der Kerk Andrew Murray” was daar. Hy was, merk *De Kerkbode* op, die enigste oorlewende predikant wat hom beywer het vir die stigting van die Kweekskool en dit ook in 1859 beleef het.⁹⁵

88 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

89 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 595.

90 By daardie geleentheid het ds. Andrew Murray in ’n feespreek voorgedaan, waarna ’n predikantekonferensie gehou is. *De Christen*, soos *De Gereformeerde Kerkbode* toe genoem is, het nie hieroor berig nie. *Het Volksblad* van 10 November 1883 het wel verslag gedoen. Sien I.L. Ferreira: *Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963*. Ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1972, 425.

91 Vgl. ook *Gereformeerde Maandblad* XIV (11) November 1909, 163.

92 Vgl. *De Fakkel* 18 (18) 1 Dec. 1909, 411.

93 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

94 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 595.

95 Prof. N.J. Hofmeyr, wat sedert 1859 dosent aan die Seminarium was en in 1907 geëmeriteer het, is gedurende September 1909 oorlede. Hy was aanvanklik gevra om die feesrede te lewer. Vgl. *Gereformeerde Maandblad* XVI (9) September 1909, 130 e.v.; *De Fakkel* XVIII (13) 22 September 1909, 300 e.v.; *De Kerkbode* XXVI (36) 9 September 1909, 445; *dies.*, (37) 16 September 1909, 480; *dies.*, (50) 16 Desember 1909, 677.

Professor J.I. Marais (1848-1919), nou reeds 32 jaar⁹⁶ verbonde aan die Seminarium en sedert 1905 voorsitter van die Algemene Sendingkommissie van die Kaapse Kerk,⁹⁷ was op die kansel. Marais⁹⁸ was een van die afgestudeerde proponente wat eers in die buiteland 'n studiereis sou onderneem, voordat hy beskikbaar was om 'n beroep op te volg. In Utrecht het hy en sy vriend H.L. Neethling (1845-1893),⁹⁹ Doedes en Van Oosterzee beleef.¹⁰⁰ Na 'n draai in Switserland, is Marais na Skotland waar hy in Edinburgh hom as student in die filosofie en natuurwetenskap sou verdiep.¹⁰¹ Toe hy in 1877 bevestig word as derde dosent aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch was sy doseeropdrag aanvanklik "Natuurlike Godgeleerdheid en Wysbegeerte."¹⁰² Daarmee is 'n nuwe benadering by die Seminarium ingedra wat in die teken van apologetiek sou staan. Die Skotse oriëntering "van die filosofie en godsdiens" is dus hier verder verwerk.¹⁰³ Thom, wat in 1989 dieper op Marais se teologiese standpunt ingegaan het, bevestig hierdie waarneming.¹⁰⁴ By die Kweekskool was hy in 1909 verantwoordelik vir die onderrig in Ou Testament Inleiding, Ou Testament Kanoniek, Bybelse Argeologie en Apologetiek. Sy kollegas was proff. A. Moorrees (1855-1938), C.F.J. Muller (1845-1915) en P.J.G. de Vos (1842-1931).¹⁰⁵

96 Marais is in 1877 na die Teologiese Seminarium as derde professor beroep. Sien Ferreira: *a.w.*, 190.

97 J.H. Theron: *Johannes Izaak Marais. Leraar en Hoogleraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1848-1919*. Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1982, 112. In 1910 was hy een van die verteenwoordigers van die N.G. Kerk by die Sendingkonferensie in Edinburgh.

98 Vir Marais, sien Theron: *a.w.* Sien ook *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*. R.G.N.: Pretoria, 1986 (Tweede Uitgawe), 452-454.

99 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 109.

100 Sien Theron: *a.w.*, 46 e.v.

101 *Dies.*, 51 e.v.

102 *Dies.*, 93.

103 *Dies.*, 134.

104 Sien G. Thom: *The development of theology at Stellenbosch from 1859-1919*. Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Rhodes University, 1989, 249 e.v. Thom beskryf hom as "a typical 19th century polymath" wat dikwels "public lectures on various philosophical and scientific topics" aangebied het. (*Dies.*, 246.) Vir nog 'n oorsig oor die Teologiese Seminarium, sien D.R. de Villiers: *Teologiese opleiding vir wit en swart deur die N.G. Kerk in Suid-Afrika*. N.G. Kerkboekhandel: Pretoria, 1975, 100 e.v.

105 Ferreira: *a.w.*, 191 e.v. Kort lewensbeskrywings van Marais, De Vos en Muller is opgeneem in die *Gedenkboek van die Teologiese Seminarium (N.G. Kerk) Stellen-*

Waar sou hy die klem laat val? Op die N.G. Kerk, wat besig was om tot sinodale vereniging te probeer kom? Of, sou hy die taak van die Teologiese Seminarium in terme van die tradisionele evangeliegesinde teologie uitspel? Of, teologies-histories tot 'n vergelyk met die verlede en hede kom? Dit was juis 'n tyd waarin die historiese bewussyn by die N.G. Kerk gestimuleer is. Ds. A. McGregor (†1918),¹⁰⁶ 'n "oude Vader onzer Kerk" het 'n hele reeks "Blikken in de Geschiedenis van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika" vir *De Kerkbode* saamgestel.¹⁰⁷ Om dit in boekvorm uit te gee, het ongelukkig nie geslaag nie.¹⁰⁸ Eerwaarde A. Dreyer (1872-1939) was ook juis besig om die geskiedenis bymekaar te maak.¹⁰⁹

bosch. Driekwart Eeuftes 1859-1934. Pro Ecclesia-Drukkery: Stellenbosch, 1934, 95-107, 108 e.v. In 1959 het B.B. Keet iets oor Moorrees geskryf. Sien *Fees-uitgawe Kweekskool ... a.w.*, 28-29. Sien verder J. Nel: *Adriaan Moorees: vorming, opleiding en gemeentelike bediening 1855-1907.* Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1984.

106 Dreyer: *Jaarboek 1935 ... a.w.*, 378. Ds. McGregor het in 1862 in diens getree.

107 Sien hiervoor *De Kerkbode* XXVI (22) 3 Juni 1909, 260 e.v.; *dies.*, (23) 10 Juni 1909, 271 e.v.; *dies.*, (25) 24 Juni 1909, 293 e.v.; *dies.*, (27) 8 Juli 1909, 319 e.v.; *dies.*, (29) 22 Juli 1909, 342 e.v.; *dies.*, (31) 5 Augustus 1909, 367 e.v.; *dies.*, (32) 12 Augustus 1909, 379 e.v.; *dies.*, (35) 2 September 1909, 430 e.v.; *dies.*, (39) 30 September 1909, 521; *dies.*, (41) 14 October 1909, 552 e.v.; *dies.*, (43) 28 October 1909, 581; *dies.*, (44) 4 November 1909, 594; *dies.*, (45) 11 November 1909, 613; *dies.*, (46) 18 November 1909, 627 e.v.; *dies.*, (47) 25 November 1909, 637; *dies.*, (48) 2 December 1909, 651 e.v.; *dies.*, (50) 16 December 1909, 675 e.v.; *dies.*, (51) 23 December 1909, 686; *dies.*, (52) 30 December 1909, 700; *dies.*, XXVII (1) 6 Januari 1910, 9; *dies.*, (2) 13 Januari 1910, 17; *dies.*, (3) 20 Januari 1910, 29; *dies.*, (4) 27 Januari 1910, 43; *dies.*, (5) 3 Februar 1910, 58; *dies.*, (6) 10 Februar 1910, 67; *dies.*, (8) 24 Februar 1910, 91; *dies.*, (9) 3 Maart 1910, 104 e.v.; *dies.*, (11) 17 Maart 1910, 127; *dies.*, (12) 24 Maart 1910, 140 e.v.; *dies.*, (13) 31 Maart 1910, 149; *dies.*, (14) 7 April 1910, 161; *dies.*, (16) 21 April 1910, 185; *dies.*, (19) 12 Mei 1910, 222; *dies.*, (21) 26 Mei 1910, 248; *dies.*, (22) 2 Juni 1910, 259. Sy historiese vertolking belig Van Riebeeck, die koms van die Hugenate, die kerklike uitbreiding onder Von Imhoff, die eerste sinode in 1824, die totstandkoming van die Kweekskool, die liberale stryd en opwekking en die omvattende ontwikkeling van die kerklike arbeid die afgelope 50 jaar.

108 Sien *De Kerkbode* XXVII (14) 7 April 1910, 164-165.

109 A. Dreyer: *Historisch Album van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.* Cape Times: Kaapstad, 1907-1910. Vol. 1: De Ring van Kaapstad. Vol. 2: De Zending, De Liefdadighheids Inrichtingen, De Opvoedings Inrichtingen. Vir hom, sien J.B. Visser: *Eerw. Andries Dreyer (1872-1939): 'n ondersoek na die "Evange-*

Dit sou Marais in die posisie stel om ekklesiologies, dit wil sê histories en teologies, die gereformeerde benadering(s) in die land te beoordeel en in 'n vergelyk met die teologiese opleiding van Stellenbosch te stel. Miskien sou hy in die Calvin-gedenkjaar ook kon aanknoop by die teologie van die Reformasie. Of die historiese interpretasie van die Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, wat juis aan die begin van 1909 haar 50-jarige bestaan herdenk het, kon oorweeg.¹¹⁰ In hierdie verband sou 'n jaar of wat later polemieks gevoer word.¹¹¹

Of, sou hy die kans benut om iets oor die aard van die teologie wat hier onderrig word, te sê? Die Vrystaatse kerkblad was byvoorbeeld oortuig dat dit nog altyd “intellektueel, zedelijk, geestelijk” was. Hier is studente gevorm om

het Evangelie des Heeren Jezus te brengen tot den verloren mensch, zielen voor het Koninkrijk Gods te winnen, en de gemeente in het geloof en in de heiligheid op te bouwen.¹¹²

Of, sou hy in die eie tyd opgaan en teologiese kwessies van die dag behandel? Die teologiese skuif wat in die Oos-Londen-Simposium aan die lig getree het, evalueer? Of dalk inkom op die dispuut rondom die versoeningsleer soos dit veral deur die Gereformeerde Kerke onder die Kruis juis toe aan die orde gestel is?¹¹³

7. DIE TEOLOGIESE VRAAGSTUKKE VAN ONS DAG

Marais begin by die Seminarium self: die Kweekskool is “het idee der Kerk en haar ideaal.”¹¹⁴ “Kerk” neem hy nie op in verband met die gemeente nie, maar met die sinode, of met die kerk in 'n algemene korporatiewe sin.¹¹⁵

liesinde” aard van sy bediening en geskiedskrywing. Ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1999. Marais het self in 1913 'n boekie *Geschiedenis der Christelike Kerk*. (H.A.U.M.: Kaapstad) en in 1919 *Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, tot op de Grote Trek*. (Het Administratie-Bureau, Stellenbosch) laat verskyn.

110 Sien J. Lion Cachet: *Gedenkeboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*. A.H. Koomans: Potchefstroom, 1909.

111 Sien Erasmus: *a.w.*, 172 e.v.

112 *De Fakkel* 18 (18) 1 Dec. 1909, 411, 412.

113 Vgl. Erasmus: *a.w.*, 172 e.v. hiervoor.

114 Die rede is gepubliseer in *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 598 e.v. en in die *Gereformeerde Maandblad* XIV (11) November 1909, 164-170.

115 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 598.

Daarmee sluit hy aan by die gangbare kerkbegrip. So het die N.G. Kerk aan haarself gedink. Daarom verheug hy hom in die teenwoordigheid van veral moderators en moderatuurslede — ook van buite die Kaapkolonie. Die aanwesigheid van lede van die Ministerie en Wetgewende Vergadering waardeur hy ook positief. “Kerk en Staat,” vereenselwig hy hom met nog ’n populêre siening, “... streven, onder God, naar ’t selfde doel — het heil van een vereenigd Zuid-Afrika!”¹¹⁶ So beeld hy die kerklike begeleiding van die komende Uniewording in. Hierna volg ’n kort oorsig van die geskiedenis van die Seminarium. Dié begin by 1824 — “ons *annus mirabilis*.” Dit was immers die jaar waarin die eerste sinode vergader het. “Batavier en Brit, Nederland en Engeland,” so gee hy ’n vertolking aan die Kerk se geskiedenis, “waren haar niet bizonder gunstig in voor ons overoude tijde.”¹¹⁷ Die N.G. Kerk moes haar hieraan ontworstel. “De kerk moest zelfstandig, moest onafhankelijk, vrij worden van den staat.” Dit het in 1843 gebeur. Toe kon die Kerk in eie reg optree. Daarvan is die Kweekskool die sprekende bewys. Die historiese beeld van die inrigting staan in die teken van ontwikkeling. En, inheemswording. “’t Seminarium vormt Afrikaners voor een Afrika, dat al ruimer wordt.”¹¹⁸

In sy feesrede gee Marais nie inhoud aan die pastorale en missionêre konsekwensies wat hy in hierdie vergesig sou kon voorhou nie. Hy laat sy blik eerder val op “de vraagstukken,” die nuwe teologiese probleme “vóór onze deur.”¹¹⁹ Op wetenskaplike gronde word afgereken, wys hy hierop, met die sekerheid aangaande God, aangaande Christus, die sondeskuld en sondevergifenis, gebed en gebedsverhoring. “God is verdwenen uit de wereld,” vat hy dit saam. “Er is geen God.”¹²⁰ En Christus Jesus? Dié kom ook onder die kruisvuur van die moderne bewussyn. “De Christus der Evangelieën met zijn wonderbare geboorte en opstanding uit de dooden is immers voor altijd verdwenen!” Dit staan, sê Marais, met ’n ander vraag in verband:

Is er wel een Bijbel? Is het Boek der Boeken niet slechts een toevalige verzameling van documenten uit velen eeuwen bijeengebracht — de literatuur van een Oostersch volk, dat nu jaren lang zwerfeling is op een aardbodem? Kan uw God zich wel openbaren? Heeft Hij zich wel geopenbaard? Uw Bijbel is een wonder-boek, een orakelboek, een bovennatuurlijk boek — en uw beschouwingen zijn middeleeuwsch, uw Schrift-begrip een erfstuk uit tijden die voor altijd verdwenen zijn en nooit zullen terugkerden.¹²¹

116 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 598.

117 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 598.

118 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 601.

119 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 601.

120 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 601.

121 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 602.

Marais is oortuig dat die ontdekkingsreis van die wetenskap self nooit 'n definitiewe einde kan bereik nie. Sy resultate en teorieë word telkens weer gerelativeer. En tog is dit die werklike konteks waarin “wij als Godgeleerden” staan. Aan die kinders van hierdie eeu moet verkondig word: daar is 'n God. Die boodskap moet helder wees:

Wij geloofen in God, den Almachtige, Schepper van hemel en aarde. En dat geloof in God Almachtig moet in 't praktisch leven voor ons eene werkelijkheid worden; want die God is niet ver. Hij is Vader in Christus Jezus.¹²²

So gee Marais dan antwoord op die uitdaging van die eeu. Wat die Bybel betref, gaan hy nie in op die gesag en inspirasie daarvan nie, maar vind in die verhaal van Max Müller afdoende bewyse dat die Skrif wel God se Woord is. Müller is as “taalgeleerde” deur die Nuwe Testament self oortuig “en 't was alleen toen ik onzen Heer leerde kennen, ... dat alles mij duidelijk [werd].”¹²³ Dit is die taal waaraan Marais hom gebonde ag. “Wij willen,” stel hy dit,

godgeleerden vormen — niet theologen, die alles omtrent God in hun leerboek hebben opgenomen, maar Theodidakten, die door God zelven werden geleerd, en op hun levensweg de waarde van 't Boek der Boeken hebben ervaren.¹²⁴

Met betrekking tot die vraag aan en oor Christus, wil hy geen skeiding tussen die woord van Jesus en die wonder in Jesus bring nie. Dus:

de boven natuurlike geboorte blijft, en het ledige graf verkondigt het luide, dat de Christus opgewekt is uit de dooden en leeft bij den Vader en eenmaal wederkomen zal gelijk Hij is heengevaren.¹²⁵

Hoewel die moderne mens die teenstelling tussen hemel en aarde uitwis, het Copernikus en die wetenskap nooit die laaste woord nie. Aan die kinders van hierdie eeu, verseker hy dus die gehoor, “biedt ook ons Seminarium aan een Zaligmaker naar de Schriften.”¹²⁶

Die ander groot vraag van die 20^{ste} eeu is die vraag na die naaste. Ook hierop moet die Seminarium 'n antwoord gee. “De eeuw is praktisch” en op soek na werkbare oplossings vir sy probleme.¹²⁷ Marais vra dus die aandag

122 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 602.

123 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 602.

124 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 602.

125 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 603.

126 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 603.

127 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 603.

vir 'n praktiserende Christendom, wat werklik sal oortuig. “Het sociale vraagstuk eischt oplossing. Dat vraagstuk moet de Kerk van Christus oplossen.” Die Kerk moet dus die

zwakken ... sterken, de gevallen opheffen, de verdwaalden zoeken, de verloorenen redden. Haar program is de program van haar Heer, die te Nazareth sprak: Hij heeft Mij gezonden om den armen 't Evangelie te verkondigen, om te genezen die gebroken zijn van harte, om de gevangenen te prediken loslating, den blinden het gezicht, om de verslagenen heen te zenden in vrijheid, om te prediken 't aangename jaar des Heeren.¹²⁸

Marais meen dat die N.G. Kerk tog besig is om aan hierdie saak gevolg te gee. “Zij hoort den noodkreet des heidendoms in de verte en in haar omgeving.” Sy verneem die gekerm van “den gezonken blanke aan haar poort.”¹²⁹ En dan is daar ook “dat gemengd volk in de binnenlanden en in de steden ...” Hierdie vraagstukke moet ons in Christus se Naam help oplos.¹³⁰

Dit is dus duidelik dat professor Marais 'n antwoord wou bied op die vraagstelling van die moderne histories-kritiese teologie, met name omdat dit die Skrif as openbaringsboek aangetas het. Tewens, die N.G. Kerk moes die antwoord help gee op die aansprake van hierdie teologie — veral omdat dit reeds onder lidmate begin posvat het. Het Marais die ter saaklike teologiese problematiek behoorlik deurskou?

Die Pretorianer het die belang wat Marais hieraan toe geken het, nie in dieselfde mate waardeer nie.

De feestrede was fraai al kon die wat minder *theologisch* en wat meer *seminaristisch* zijn geweest. (Wie deze onderscheiding niet vat, kwelle er sijn hoofd niet mede.)¹³¹

Wat wou hy eintlik hiermee sê? Dat die praktiese teologie, soos beoefen deur die N.G. Kerk tog maar die antwoord bied op die vraagstelling aan die Bybel as Woord van God? Het hy nie besef dat dit juis evangeliegesindes is wat die vraagstelling opgeroep het nie? Die vraag is of professor Marais dit ook goed genoeg raakgesien het. En, diegene wat na hom geluister het? Wat moes met die Oos-Londen-Simposium gemaak word?

128 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 603. Vgl. In hierdie verband Jes. 61:1 e.v.; Luk. 4:18 e.v.

129 'n Klompie jare later sou Marais se bemoeienis met hierdie saak duidelik blyk uit sy rede by die 1916 Armblankekongres op Cradock: “De arm Blanke en de Naturel.”

130 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 604.

131 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

8. 'N TEOLOGIESE SKUIF AS TEENVOETER VIR DIE HEDENDAAGSE TWYFEL

“Lidmaat” sou ’n paar maande later die vinger op die seerplek lê. “Verleden jaar,” skryf hy aan die begin van 1910 vir *De Kerkbode*, “was daar een Theologisch Symposium in Oost London; vanjaar is daar weer een te Montagu.”¹³² Hy onthou dus nog die *Symposium* wat ds. McGregor, nou “tweeden leeraar” van Oudtshoorn,¹³³ gereël het. Hy is verontrus oor die aankondiging van ’n tweede soortgelyke simposium, dié keer op Montagu. Weer word die reëlings getref deur ds. McGregor. Die temas vir die Montagu-*Symposium* is dieselfde as wat in Oos-Londen bespreek is:

Pragmatisme: ds. N.J. Brümmer (M.A. B.D.),¹³⁴ De Hooger Kritiek: Ds. D.F. Malan, (M.A. D.D.);¹³⁵ De Evolutie-leer: ds. H.P. van der Merwe (B.A. B.D.);¹³⁶ Nieuwe Ontdekkings op het gebied van het Nieuwe Testament: Ds. J.C. du Plessis (B.A. B.D.);¹³⁷ Inspiratie: Ds. J. du Plessis (B.A. B.D.).¹³⁸

Weer doen die inleiers die bestudering van ’n aantal boeke aan die hand. Uit die leeslys blyk die ooreenkomstig met die eerste simposium duidelik. Vir “*Het Pragmatisme*: William James: Pragmatism, James Pratt: What is Pragmatism?” Vir “*De Hooger Kritiek*: Robertson Smith: The Old Testament in the Jewish Church. G. Adam Smith: Modern criticism and the preaching

132 *De Kerkbode* XXVII (8) 24 Februarie 1910, 94.

133 Sien *De Kerkbode* XXVI (32) 12 Augustus 1909, 374. Ds. McGregor is op 4 September 1909 in die gemeente bevestig.

134 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 72. Brümmer (1864-1947) is in 1894 gelegitimeer. Ds. Brümmer het in 1911 ’n aanstelling as professor in Filosofie op Stellenbosch aanvaar.

135 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 102. Dr. Malan (1874-1959) is in 1905 gelegitimeer en sou in 1948 Eerste Minister van Suid-Afrika word. Hy het in 1915 uit die bediening getree om redakteur van *De Burger* te word.

136 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 126. Ds. Van der Merwe (1867-1926) is in 1893 gelegitimeer en was ten tye van die Symposium predikant op Robertson.

137 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 81. Ds. Du Plessis (1864-1949) is in 1890 gelegitimeer en was nou op Elliot predikant.

138 Sien *De Kerkbode* XXVI (5) 3 Februarie 1910, 49. Dit is weer ds. McGregor wat die sekretariaat hiervoor waarneem. Ds. Johannes du Plessis (1868-1935), gelegitimeer in 1892, was voltydse sekretaris van die Algemene Sendingkommissie van die Kaapse N.G. Kerk en het teen die helfte van 1910 redakteur van die nuwe verenigde blad *De Kerkbode* geword.

of the Old Testament. James Orr: The problem of the Old Testament." Ten opsigte van "*De Evolutie-leer*" word aanbeveel: "Matheson: Can the old Faith live with the new? I Fiske: Through nature to God. H. Drummond: The Ascent of Man. (Gepubliseer in 1894).¹³⁹ Griffith Jones: The Ascent through Christ. Van ongeloofige zijde" word bygesê, "de werken van Huxley, Laing en Haeckel." Vir die "*Nieuwe Ontdekkings op Letterkundig gebied en hun waarde voor de Studie van het Nieuwe Testament*": Hastings's Bible Dictionary:¹⁴⁰ De stukke over Writing, Logic en Papyri. E.G. Kenyon: Paleography of Greek Papyri.¹⁴¹ Lock and Sanday: Sayings of Jesus. Grenfell and Hunt: The sayings of our Lord." Die laaste onderwerp sou handel oor "*Inspiratie*." Hier-voor is aanbeveel "Marcus Dods: The Bible, its Origin and Nature. Prof. Sanday: Inspiration. W. Volck: Heilige Schrift und Kritik. Monro Gibson: The Inspiration and Authority of Holy Scripture. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, pp. 406-476."

Vir "Lidmaat" is hierdie soort ding ("zou de geleerdheid dit nu mee-bringen?") "het dunne eind van de wig die ... de Kerk aan twee sal scheuren." Die bespreking van "zulke onderwerpe" kan die Koninkryk van God nie bevorder nie. Dr. Murray, merk hy op,

en andere godvruchtige predikanten onzer oude Kerk hadden nooit zulke uitheemsche onderwerpe voor conferenties; dit wekt achterdoch bij meenigen, ook bij mij.¹⁴²

Hierdie opmerkings het nie ongesiens verbygegaan nie. "Lidmaat" het, as een van "de reeds verontruste zielen" — so word hy genoem — 'n week later antwoord gekry. "Symposium" skryf dat "onze Theol. Professoren" in werklikheid hierdie soort onderwerpe met die studente behandel. Dit is deel van die studiekursus. Hulle word daaraan blootgestel. Ons leraars, sit hy sy argument uiteen, kan tog nie in onkunde bly nie ten opsigte van die vrae van

139 Vir Henry Drummond, sien Cheyne: *a.w.*, 185 e.v. Cheyne wys daarop dat Drummond betrokke was by die "Darwinian revolution in science and the Evangelical revivalism associated with the names of Moody and Sankey." (*Dies.*, 190.)

140 Hierdie *Dictionary* het prontuit in die teken van die nuwe teologie gestaan. Dit is reeds duidelik uit diegene wat daaraan meegewerk het: J.A. Selbie, A.B. Davidson (van New College, Edinburgh), S.R. Driver (van Oxford) en H.B. Swete (van Cambridge). Sien J. Hastings (Ed.): *A Dictionary of the Bible dealing with Language, Literature and Contents including the Biblical Theology*. T. & T. Clark: Edinburgh, 1898.

141 Die boek is uitgegee by Clarendon, Oxford, in 1899.

142 *De Kerkbode* XXVII (8) 24 Februarie 1910, 94.

den hedendaagsche twijfel welke meer en meer veld wint bij sommige meer ontwikkelde onzer leden, die met die dingen zich bezig houden en die hun geloof in de waarheden des evangelies beginnen te verloren zoo zij niet geholpen worden door hunne leeraren die meer en beter behooren te weten.¹⁴³

Toe ontwikkel daar 'n kort en interessante oor-en-weer geskrywe in *De Kerkbode*. “Ouderling” was nie met die verantwoording van “Symposium” te vrede nie. Van “Symposium” wou hy die versekering hê dat al die deelnemers aan die teologiese gesprek

gelooven in het Scheppingsverhaal van het boek Genesis zoals in onzen Bijbel geschreven, en dat de eerste vijf boeken des Bijbels van den “Godsman” Mozes afkomstig zijn?

Voorts wou hy weet of

er ooit iemand ter wereld tot bekeering gekomen is omdat een geleerde predikant hem op het gebied van de zogenaamde “wetenschap” heeft overtuigd?

Syns insiens is alleen “het oude Evangelie, eene kracht Gods tot Zaligheid.”¹⁴⁴ In dieselfde *Kerkbode* kry “Lidmaat” nog 'n geleentheid om “staande” te “houden, dat het veel beter zal zijn voor onze jongen predikanten om een paar dagen ter Conferentie samen te komen ten einde te spreken over groote Bijbelwaarheden zoals Wedergeboorte, Heiligmaking, Gebed” as om in 'n “symposium over Hooger Kritiek en Evolutiveer” byeen te wees.¹⁴⁵ “Mij komt het voor, het is een godsdienst van het verstand, een maanlicht opvatting van den godsdienst.” Daarmee bedoel hy dat dit 'n soort teologie is wat mooi is, nuwe dinge bevat, maar dit is koud en sonder lewe — soos die maanlig. “De maanlicht Theologie bevredigt niet de hongerige ziel.” Die

143 *De Kerkbode* XXVII (9) 3 Maart 1910, 107. “J.D.” het “Lidmaat” ook geantwoord. Hy vind sy skrywe “een koddigheid.” Sien *De Kerkbode* XXVII (10) 10 Maart 1910, 118.

144 *De Kerkbode* XXVII (11) 17 Maart 1909, 129.

145 *De Kerkbode* XXVII (11) 17 Maart 1909, 130. Hy verduidelik ook waarom hy in die eerste plek aan *De Kerkbode* geskryf het. By geskoolde jongmense het hy “een opvatting van de Schrift” teëgekome wat nie meer ooreenkom met die belydenis van die kerk nie. Sekere dele daarvan aanvaar hulle gewoon nie meer nie. Bowendien meen sommige dat die evolusie-leer die antwoord op die vraag na ons oorsprong gee. “Waar kregen deze jonge mannen het vergif?” Dan het hy opgemerk dat dit veral jonger predikante is wat hulle interesseer in hierdie kwessies.

gevolg hiervan is dat die mens met die Skrif begin fout vind, en dan met God. “Dan komt twijfel en ongelof.”¹⁴⁶

Hy laat sy argument egter nie daar nie. Hy meen dat ander godsdienste tevrede is met hulle boeke en kan derhalwe nie verstaan waarom “de Christen, de meest ontwikkelde van allen” meen dat “sijn Bijbel... onjuist (is)!!” (Waarom het hy die bedenklikheid van sy mening nie ingesien nie?) Hy verwys verder na die bevraagtekende outeurskap van die Pentateug en “wat er verhaald wordt omtrent Jona en den walvisch.” Die belangrike vraag is of iemand wat dele van die Bybel verwerp nog predikant van “onze Kerk” kan bly?

Dan beweert men nog die Symposiums zijn goed, om anderen van het dwaalspoor te houden, terwijl men zelf reeds in de modder verkeert.¹⁴⁷

In ’n opvolgbrief wys “Symposium” daarop dat “Lidmaat” en “Ouderling” tog gevaar loop om “nu als twee ketterjagters aangemerkt te worden.”¹⁴⁸ Dit is ten minste die implikasie van die manier waarop hulle standpunte stel. Bowendien bring hulle daarmee ook die Simposium onder denking. Hy herinner hulle, en ook “andere min wetenden” daaraan dat

naar Art. 131 litt. b en d onzer bepalingen de Synode zelf verantwoordelijk daarvoor is dat de Inspiratie, Hooger Kritiek, enz. als vakken van studie in den Kweekskool cursus burgerrecht hebben verkregen.¹⁴⁹

Die Sinode wil dus eintlik hê dat

hare leeraren onderlegd zullen zijn in die vraagstukken — de “maanlicht theologie” van Lidmaat — ten einde o.a. beter hen in staat te doen zijn de waarheid des Evangelies te handhaven tegenover de vijandige aanvallen van den hedendaagschen twijfel.

Dit is presies wat met die *Symposium* beoog word. Daarmee is dit ook in lyn met die Kweekskool en die Sinode.¹⁵⁰ Hy wil “Ouderling” ook verseker dat “al de leden van het Symposium gelooven in de Goddelijken ingeving van de H. Schrift,” maar, voeg hy betekenisvol daaraan toe, “of hunne opvatting echter naar de mening van ‘Ouderling’ zuiver is, is mij onmogelijk te zeggen.” Hy meen wel dat “Ouderling” “het oordeel over zuiverheid in

146 *De Kerkbode* XXVII (11) 17 Maart 1909, 130.

147 *De Kerkbode* XXVII (11) 17 Maart 1909, 130.

148 *De Kerkbode* XXVII (12) 24 Maart 1910, 142.

149 *De Kerkbode* XXVII (12) 24 Maart 1910, 142.

150 *De Kerkbode* XXVII (12) 24 Maart 1910, 142.

de leer gerust aan de Synode kan overlaten.” Die Sinode het die verantwoordelikheid op haar ten opsigte van die leer van die manne wat sy legitimeer “om de gemeenten der Kerk met het Woord te bedien.” Laastens gaan hy in op die vraag van Ouderling “of de geleerdheid in quaestie ooit iemand tot bekeering heeft gebracht.” Dit is juis hierdie “geleerdheid” wat in etlike gevalle deur die Heilige Gees gebruik is om jong mense uit die dwaling en verstandelike twyfel terug te bring. “Het Christendom is toch een redelijke Godsdienst die hart en rede bevredigt.”¹⁵¹ Daar steek dus nie kwaad in die Simposium nie.

’n “Predikant” het terselfdertyd ’n effens ander klem gelê. Hy erken dat “menig lid van onze gemeenten” in die duisternis is oor sodanige wetenskaplike onderwerpe, maar dat hulle die reg het om vrae daarvoor te vra. Ons moet “onze wapenen scherp tegen den vijand,” maar dan moet daar toegesien word “dat geen achterdocht bij onze gemeenteleden gewekt wordt . . .”¹⁵²

Gereformeerde Maandblad het eweneens die verwikkelinge rondom die *Symposium* goed dopgehou. “Lidmaat” se ongemak is in die Maart 1910 uitgawe ter syde gestel.

Wat ons betreft wij juichen dat “symposium” toe en wij zijn dankbaar, dat onze jonge predikanten den tijd vinden en maken om met elkaar de vraagstukken te bespreken, waarvan de wereld tans so vol is.¹⁵³

Die deelnemers is bo verdenking en die blad meen dat hulle hulleself teologies opskep om antwoorde te bied op die vraagstelling van die dag, wat ook die ore en harte van die “leken” bereik het. Trouens, hulle word uitgenooi om hulle standpunte in te stuur vir plasing, “al zijn ook mogelijk hun beschouwingen de onze niet.”¹⁵⁴ Die blad was steeds oortuig dat die resultate van die historiese kritiek te uiteenlopend is om enige gevaar in te hou.¹⁵⁵

151 *De Kerkbode* XXVII (12) 24 Maart 1910, 143.

152 *De Kerkbode* XXVII (12) 24 Maart 1910, 143.

153 *Gereformeerde Maandblad* XV (3) Maart 1910, 36 e.v.

154 *Gereformeerde Maandblad* XV (3) Maart 1910, 37.

155 Sien *Gereformeerde Maandblad* XV (3) Maart 1910, 37 e.v. hiervoor. Vgl. ook “Vader Ross uit Lady Grey” se waardering vir die *Symposium*. Hy hoop dat dit “het begin zal zijn van eene nieuwe aanmoediging tot verdere ernstige en godvreezende studie bij tal van onze jonge broeders.” *Gereformeerde Maandblad* XV (2) Februari 1910, 64. Ds. Ross was reeds emeritus. Hy het in 1863 in diens getree en is in 1915 oorlede.

Aan die begin van April 1910 besluit die redakteur van *De Kerkbode* om korrespondensie oor die Montagu-Simposium kort te knip. Ook hy verseker die lesers dat hulle nie “bezorgd behoeven te zijn voor ketterij.”¹⁵⁶ Diegene wat aan die Simposium sou deelneem “zijn rechtzinnig en gezond in de leer der Kerk.” Hy sluit aan by die argument dat die geloof die beste teen die moderne dwaalrigtings verdedig kan word as hierdie rigtings deeglik bestudeer word. En, hiervoor kon hy hom ook beroep op ’n standpunt van professor J.I. Marais, wat ’n klompie weke vroeër in *Gereformeerde Maandblad* daarvoor gepleit het dat geen predikant “zich onttrekken mag aan kennisneming van deze nieuwe meeningen.” Laastens speel hy ook in op ’n algemeen geldende sentiment: as die vertroude “godsmannen” soos Andrew Murray, professor Hofmeyr en ds. A. McGregor (sr.) hierin werklike gevaar gesien het, sou hulle nie stilswygend dit maar laat gaan het nie.¹⁵⁷ Ds. A.M. McGregor kon ’n laaste stuiwer in die armbeurs gooi:

Het Symposium wordt in geloovigen geest, met het oog op den toenemenden twijfel en in vertrouwen op de leiding van den Heiligen Geest, tot eer van God, ondernomen.¹⁵⁸

9. DIE SIMPOSIUM OP MONTAGU IN GELOWIGE GEES GEHOU

Ds. Johannes du Plessis sou sorg vir die verslag van die Simposium wat in *De Kerkbode* verskyn het.¹⁵⁹ Die 15¹⁶⁰ wat teenwoordig was, het ’n punt daarvan gemaak om eers saam te bid — ook vir “de gelijktijdige Conferentie te Cradock” — voordat die onderwerpe aan die orde gestel is. Dr. Malan, skryf Du Plessis, “gaf een bezadigde opsomming van de verkregen resultaten van de literarische kritiek van het Oude Testament.” Dit raak die samestelling van

156 *De Kerkbode* XXVII (14) 7 April 1910, 166.

157 *De Kerkbode* XXVII (14) 7 April 1910, 166.

158 *De Kerkbode* XXVII (12) 24 Maart 1910, 143.

159 *De Kerkbode* XXVII (18) 5 Mei 1910, 212 e.v.

160 Die 15 was Di. D. Wilcocks (1861-1944, gelegitimeer 1890 — *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 136), D. Rossouw (1863-1938, gelegitimeer 1887 — *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 116), N.J. Brümmer, A.G. du Toit (1866-1947, gelegitimeer 1894 — *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 82), H.P. van der Merwe, A.M. McGregor, J.C. du Plessis, D.G. Malan (1880-1937, gelegitimeer 1906 — *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 102), M.G. Potgieter (1875-1936, gelegitimeer 1903 — *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 113), M.M. du Toit (1874-1959, gelegitimeer 1904 — *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 83), J. du Plessis, D.F. Malan, P.J. du Toit (1880-1948, gelegitimeer 1909 — *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 84) en

verskillende boeke van die Ou Testament uit ouer oorkondes, die nie-historiese karakter van sommige Bybelverhale, soos byvoorbeeld “dat van Jona, dat meer als allegorie dan als geskiedenis moet worden opgevat” en die voortgang van die openbaring van God aan Israel deur “de drie stadiën van Mozaïsme, Prophetisme en Judaïsme.”¹⁶¹ Malan, merk Erasmus in sy beoordeling op, het “ondubbelsinnig aangedui dat hy vir die beoefening van die Hoër Kritiek plek wou inruim.”¹⁶² Oor die pragmatisme, waaroor ds. Brümmer die woord gevoer het, was die Simposium afwysend. Ds. H.P. van der Merwe se analise van die “Evolutieleer,” skryf Du Plessis, het aangetoon dat “zulke verskynselen als ‘s menschen verstand, zijn geweten, zijn vrijen wil’ nie hierdeur verklaar kan word nie. Van die verskyning van die “Godmensch Jezus Christus” kan hierdie leer ook nie rekenskap gee nie.”¹⁶³ Ds. A.G. du Toit het ingegaan op die lig wat die argeologie gewerp het op die Nuwe Testament. Die laaste referaat oor “De Inspiratieleer” was uit die pen van ds. J. du Plessis self.

Dit was ’n belangrike voordrag. Hy wys daarop dat die Skrif aan die een kant aanspraak maak op Goddelike ingewing, maar aan die ander kant “in die Schrift vele onjuistheden en tegenstrijdigheden voorkomt.” Hierdie twee sake word met mekaar versoen as in gedagte gehou word “dat de Schrift een godmenschelijk boek is — geheel goddelijk, maar tevens geheel menscheijk.” In alle sake wat betrekking het op ons saligheid is die Skrif “onfeilbaar,” maar, so druk Du Plessis homself uit, “de feilloosheid ten opzichte van woorden, getallen, chronologie, enz., kan niet worden gehandhaafd.”¹⁶⁴ “Du Plessis het,” wys Erasmus daarop, “’n middeweg gekies om, gesien in die lig van die “feite,” die Goddelike en die menslike in die Skrif te eerbiedig.”¹⁶⁵ En, Bavinck het nie aan die woord gekom nie.¹⁶⁶

die sendelinge J.P. Rossouw (†1925, van die naburige Zuurbraak — Dreyer: *Jaarboek 1935 ... a.w.*, 387) en D.C. Odendaal (†1931 — Dreyer: *Jaarboek 1935 ... a.w.*, 389, sendeling van die Zending-Gemeente van Montagu — vgl. *De Kerkbode XXVII* (21) 26 Mei 1910, 246). Sien *De Kerkbode XXVII* (18) 5 Mei 1910, 212.

161 *De Kerkbode XXVII* (18) 5 Mei 1910, 212.

162 Erasmus: *a.w.*, 158.

163 *De Kerkbode XXVII* (18) 5 Mei 1910, 213.

164 *De Kerkbode XXVII* (18) 5 Mei 1910, 213.

165 Erasmus: *a.w.*, 160:

Du Plessis het die gesag van die geloof in die *subjek* laat stel. Sy antwoord is dus daarin geleë dat ’n mens jou nie moet terugtrek op ’n bepaalde inspirasie-teorie as geloofsapriori nie, maar moet bou op die subjektiewe sekerheid dat die getuienis van die Skrif aangaande Jesus gesag dra. Dit onderbou hy dan met ’n beroep op die inwendige getuienis van die Gees, die evidensie van die Skrifboodskap oor Jesus en die getuienis van die kerk deur die eeue. (*Dies.*, 193.)

166 *Dies.*

Wat sou die gewaarwording van “Lidmaat” en “Ouderling” wees by die lees van hierdie verslag?¹⁶⁷ Sou hulle verontrusting hierdeur bevestig word? Sou die vaders “onzer Kerk” hulle hiermee kon vereenselwig het? Dr. Andrew Murray was juis op Cradock waar ’n konferensie (waarvoor op Montagu gebied is) “ bezig was te spreken en te bidden omtrent (1) het kruis van Christus; (2) De Evangelie bediening; (3) Den Heiligen Geest.”¹⁶⁸ Hier het die konferensiegangers onder die indruk daarvan gekom dat “God ons roept tot een bovennatuurlijke leven ... dat Hijzelf in ons werken moet.” Hierdie lewe word nie alleen belowe nie, maar “dit is ook voor elkeen van ons te krijgen.”¹⁶⁹ Daarom het hulle hulle “gezamenlijk en afzonderlijk aan Hem overgegeven opdat Hij in ons werken mag.” Na die konferensie was daar nog ’n reeks “specialen diensten.” Reeds vir enige dae was die gemeente besig om te bid “om den levendmakenden Geest van God.” En, sy was nie teleurgesteld nie. Reeds op die eerste aand “bleven vele bekommerden achter om zich voor het eerst of bij vernieuwing aan den Heere te geven.” Die dienste gedurende die volgende dag — Sondag — is so ingerig dat “allen eene gelegenheid kregen om voor de Heere te beslissen.”¹⁷⁰ Daardeur is die gemeente geestelik verkwik. Het “Lidmaat” en “Ouderling” se hart geklop in hierdie benadering en teologie? Die verskil tussen die Konferensie en Simposium is immers meer as duidelik. Bowendien het die konsekwensies van die Simposium-teologie uit die verslag van Du Plessis duidelik geblyk.

10. DIE HOËR KRITIEK OORWEEG

Hoe is op Stellenbosch daarvoor gedink? Was die groep predikante, wat byna almal in die vroeë jare negentig tot die bediening toegelaat is, nog in lyn met die teologie van die Kweekskool? Beide professore Marais en Muller het in dieselfde jaar weer teruggekom op die “Hooger Kritiek” en hulle standpunt gestel. In *Gereformeerde Maandblad* van Junie 1910 onderskei Marais “drie richtingen in de Kritiek: t.v. de negatieve, de bemiddelende,

167 Vgl. die brief van J.N.P. de Villiers in *De Kerkbode* XXVIII (47) 24 November 1910, gedateer 21 November 1910. Hy wys daarop dat die historiese karakter van die Bybelverhaal van Jona ontken is en dat sekere boeke soos Josua en Kronieke samestellings uit vroeëre tye is. “Nee,” skryf hy dan, “als wij het bovennatuurlijke uit de Schrift konden weg redeneeren, stort ons gansche godsdienstgebouw in één.” (*Dies.*, 351.) Sien verder Erasmus: *a.w.*, 160 e.v.

168 *De Kerkbode* XXVII (18) 5 Mei 1910, 207.

169 *De Kerkbode* XXVII (18) 5 Mei 1910, 208.

170 *De Kerkbode* XXVII (18) 5 Mei 1910, 208.

de positiewe.”¹⁷¹ Die eerste rigting wil van “geen bysondere openbaring” iets weet nie. Die rekonstruksie van die Bybel word deur die ander twee rigtings aanvaar “ofskoon zij van een geheel ander standpunt uitgaan.”¹⁷² Die “bemiddelende partij werk met een ander ‘openbarings-begrip.’”¹⁷³ Dié gee dus toe dat daar van God se kant af iets in die Skrif se ontstaan moet bykom, byvoorbeeld wat Moses betref, “*eene onmiddellijke* openbaring in zijn hart uit God.” Verder word die resultate van eersgenoemde party klakkeloos aanvaar. En, daaraan meegewerk.¹⁷⁴ Die derde rigting is “die der behoudende partij.”¹⁷⁵ “Plaats kent zij toe aan de kritiek — ruim plaats. Maar zij vraagt naar vaste *resultaten* niet naar swevende *hypothesen*.”¹⁷⁶ Hierdie rigting maak erns met die probleem in verband met die ontstaan van die Skrif, maar gaan nie die weg van die historiese kritiek op nie. Hier word gewys op die hantering van die Ou Testament deur Christus. En, nie aanvaar dat Hy in hierdie verband hom aangepas het by wat destyds “verkeerdelik” oor die Ou Testament gello is nie. Die volgende populêre argument word dus nie onderskryf nie:

Hij was een kind van zijn tijd, sprak als kind van zijn tijd. Het komt er toch niet op aan, zegt men, dat David Ps. 110 niet heeft geschreven, al dacht Christus zoo, en al grondde Hij zijn heele redeneering daarop. En even weinig komt 't er op aan, zegt men verder, of Jesaja werkelijk gesproken heeft van den Messias als den “Knecht des Heeren,” al heeft Filippus den kamerling gesterkt in 't geloof, dat Jesaja wel de schrijver was (Hand. 8:30).

Die vraag by “mannen van 't behoud,” skryf Marais, lê nog dieper:

Nam de Christus als gezaghebbend voor alle tijden aan wetten door God aan Mozes gegeven, die in alle reinheid moesten worden bewaard en overgeleverd: of wist Hij niet, dat de wetten slechts tot de latere codificatie behooren door onbekende en niet gezaghebbende Joodsche compilatoren ontworpen? Mag Hij meespreken of niet? En indien Hij hierin mistaste — d.i. wat de andere bedeeeling betref — is Hij dan te vertrouwen wanneer Hij de nieuwe bedeeeling inleidt, en haar grondt op de oudere die Hij niet verstond?¹⁷⁷

171 *Gereformeerde Maandblad* XV (6) Juni 1910, 88.

172 *Gereformeerde Maandblad* XV (6) Juni 1910, 91.

173 *Gereformeerde Maandblad* XV (7) Juli 1910, 105.

174 Sien *Gereformeerde Maandblad* XV (7) Juli 1910, 106.

175 *Gereformeerde Maandblad* XV (8) Augustus 1910, 124 e.v.

176 *Gereformeerde Maandblad* XV (8) Augustus 1910, 124.

177 *Gereformeerde Maandblad* XV (8) Augustus 1910, 125.

Marais bly in gebreke om direk aan te dui waar hy die *Symposium*-groep sou plaas. Wat wel uit die pen kom, is dat “de mannen der ‘bemiddeling’” nie vyande van die Bybel en die Christendom is nie.¹⁷⁸ “De ‘Hooger kritiek’ door hen beoefend is niet uit den duivel, zooals sommigen het willen.” Hulle het tewens groot dienste aan die kerk van die Here bewys.

Zij hebben aan de ongeloovige kritiek haar eigen wapen ontworpen, en haar verslagen. Naar ons bescheiden oordeel geeft zij te veel toe...¹⁷⁹

Sy kollega, professor C.F.J. Muller, was meer uitgesproke toe ook hy “De Hoogere Kritiek” onder die loep neem.¹⁸⁰ “Wij geloove,” is sy slotsom,

dat God zich aan ons geopenbaart heeft in het boek der *natuur* zoolwel as in dat der *scrijftuur*, en dat dezen, recht gelezen, elkander nimmer tegenspreken kunnen. Omdat wij dit gelooven verwerpen wij de wijsheid dezer eeuw. Die het eene boek gebruikt om het an-

178 *Gereformeed Maandblad* XV (8) Augustus 1910, 126.

179 *Gereformeed Maandblad* XV (8) Augustus 1910, 126. In 'n kort inleiding tot die boek Genesis laat val Marais die klem op 'n teologiese ontknoping, op die openbaring wat van God se kant af uitgaan. Daarin meen hy dat die Bybel die Boek van die Boeke genoem word,

omdat het eene openbaring bevat van God aan menschen door menschen. 't is door en door goddelijk, maar ook door en door menschelijk, het menschelijke verheerlijkt door het goddelijke, en het goddelijke voor ons toegankelijk gemaakt door het menschelijke. (*Boeken des Bijbels*. Het Administratie-Bureau: Stellenbosch, 1918, 6.)

Hy wys daarop dat die Bybel nie net Gods Woord bevat nie, maar dit ook inderdaad is. Die Bybel bevat vele boeke

die allen tezamen een heerlijke eenheid vormen, en toch zeer van elkaar verschillen. Het boek de Prediker of het Hooglied kunnen wij niet missen, alhoewel zij niet met het Evangelie van Johannes, of den brief aan de Romeinen kunnen worden vergeleken. (*Dies.*, 7.)

Dit is 'n gevaarlike onderskeiding, wat sy standpunt met betrekking tot die historiese kritiek kwalifiseer.

180 Muller wys daarop dat “de hoogere kritiek” die moderne wetenskap, wat op menslike gesag berus, te hulp kom (*Gereformeed Maandblad* XV (11) October 1910, 157) en so

niet alleen voor de ongeloovige wetenskap in hare trotsche werping der goddelijke openbaring, maar ook ... het ongelooft dat zich binne de Christelike kerk openbaart ondersteun (*dies.*, 158).

dere tot leugenaar te maken, of het ene verminkt om het ander te grieven. Zulk een arbeid, hoe hoog ook geroemd, is niets anders dan duivels werk.¹⁸¹

In sy argumente sluit Muller aan by D.L. Moody (1837-1899), wat Marsden aandui as “a progenitor of fundamentalism.”¹⁸² Hierin moet ’n mens egter nie lees dat Marais vasgehou het aan ’n bemiddellende standpunt terwyl Muller begin druk het vir ’n Amerikaanse evangeliese fundamentalisme nie. Dit is eerder ’n vraag of beide begin wal gooi het vir die konsekwensies van ’n nuwe teologiese oortuiging in die N.G. Kerk. Dit was nie maar net nadenke oor die implikasies van ’n historiese siening van die Bybel nie, maar inderdaad het die Here van die Bybel ook in ’n ander lig te staan gekom.

Op stuk van sake het hierdie groep predikante ’n teologiese oriëntering aangevoer wat in verband staan met die oortuigings van die “Liberal Evangelicals.” Hoe dit in die twintigste eeu die teologie van die N.G. Kerk gestempel het, moet nog nagegaan word. Die baanbrekerswerk in hierdie verband is deur Erasmus in sy studie oor Du Plessis gedoen. Aanvanklik het hierdie rigting in die N.G. Kerk homself nie op dieselfde manier as in Skotland en Engeland laat geld nie. Hulle het byvoorbeeld nie geëksperimenteer met liturgiese vernuwing en die invoering van allerlei rituele in die eredienste nie.¹⁸³ Ook het stolae, liturgiese kerse en die viering van die eucharistie nie in die N.G. Kerk sy verskyning gemaak nie. Ook is “Paul’s pre-Christian rabbinic thought-world” nog nie ingespan om, soos in Brittanje, die vrou tot die amp toe te laat nie.¹⁸⁴ Dit alles sou later in die eeu

Hy beklemtoon die voorlopigheid én uiteenlopendheid van die resultate van hierdie “kritiek” (*dies.*), wat die geloofwaardigheid daarvan erodeer. Hy hou hom ook aan Christus se klaarblyklike opvatting van die werklike historiese bestaan van Abraham, Moses, Dawid en Jona (*dies.*, 159 e.v.). Hier sluit hy by ’n argument van D.L. Moody aan: as Christus op hierdie punte mistas, het hy sy opstanding op fiksie gebou.

Moody zegt: “geef Jona op en gij geeft alles op, want als Jezus niet de echtheid van Jona leerde, dan heeft hij niets geleerd” (*dies.*, 159).

Sy laaste argument in die afwys van die “Hoogere Kritiek” handel oor die ongeëwenaarde voortreflikheid van die Bybel (*dies.*, 160).

181 *Gereformeerde Maandblad* XV (11) October 1910, 160. Vir sy artikel, sien *dies.*, 157-160. Thom: *a.w.*, 317 e.v. gee enkele insigte aangaande Muller se teologie.

182 Marsden: *a.w.*, 33.

183 Bebbington: *a.w.*, 203 e.v.

184 *Dies.*, 206.

kom. Ná die laaste groot opwekkingsbeweging van die 20^{ste} eeu in die N.G. Kerk, wat as die Jeug-tot-Jeug Aksie van 1974 bekend gestaan het.

By die gedenkdatum het die Stellenbosse professor teologies dus veel in die spel gebring. Veel meer as wat klaarblyklik beseef is.

11. DIE FEESVERRIGTINGE AFGESLUIT

Na die feesrede in die kerkgebou, is die aanwesiges onthaal in die kweekskoolgebou en die saal van die landbougenootskap. By die ingang van die kweekskoolgronde is weer¹⁸⁵ 'n ereboog “opgericht door eene dankbare Municipaliteit.”¹⁸⁶ Die middag is na drie toesprake in die kerkgebou geluister. Ds. J.D. Kestell (1854-1941),¹⁸⁷ “Moderator” van die Vrystaatse Kerk

legde klem op het feit dat die Kweekskool de Kweekskool is van den Vrijstaat zoowel als van de Kaap-kolonie. ... De Vrijstaatsche volk was een met dat der Kaap-Kolonie in taal, zeden en afkomst.¹⁸⁸

Dié skool het gesorg vir wetenskaplike opleiding van studente, “doch haar roem lag vooral in de zedelijke en geestelijke vorming der leeraren. ... De hoofdoel toch,” sluit *De Kerkbode* sy berig oor hierdie toespraak, “van het leeraarsambt was zielen te winnen voor het Koninkrijk Gods.”¹⁸⁹ Ds. D.P. Ackermann (1849-1916)¹⁹⁰ het op sy beurt weer vermeld dat, ten spyte van 'n vroeëre negatiewe inbeelding (“koolkoppen van Stellenbosch en de Stellenbosche geest”), word daar tans van “onze Kweekskool” in die Transvaal gepraat.¹⁹¹ Die laaste toespraak het aan die bejaarde dr. Andrew Murray behoort. Wat hom betref was die inrigting die vrug van gebed en herlewing.¹⁹²

Die middagverrigtinge is afgewissel met gepaste koorsang onder leiding van professor F.W. Jannasch.¹⁹³

185 Soos in 1859. Sien *Gedenkschrift van de Inwijding van het Theologisch Seminarium der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika te Stellenbosch op den 1sten November 1859*. N.H. Marais: Kaapstad, 1859, 31-32.

186 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 596.

187 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 95.

188 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 597.

189 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 597.

190 *Feesuitgawe Kweekskool ... a.w.*, 67.

191 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 597.

192 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 597.

193 Sien R.E. Ottermann: *Friedrich Wilhelm Jannasch en sy invloed op die kerkmusiek van die N.G. Kerk*. Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1971.

Daardie aand het die Transvaalse dominee die re-unie van studente bygewoon, 'n hoogtepunt op sy toer na die suide. Dit was, teken hy aan, 'n genoeglike aand vol "hartelikhed en vreugde en wanorde."¹⁹⁴ *De Kerkbode* knoop die sakkie met 'n uitroep toe: "De Heere zegene de Kweekskool! Vivat, crescat, floreat!"¹⁹⁵ Vir die besoeker het dit tyd geword om terug te keer. ...

Gij draagt van daar weg niet alleen opgedane kennis, maar ook, in uw geheugen, een prachtige schilderij van een allerfraaiste dorp...

Hierdie klompie teologiese aantekeninge by 'n N.G.-gedenkdatum is bedoel om met professor Ludi Schulze, hooggeagte voorganger, wat ons almal altyd gehelp het om die Woord ook aan die eietydse teologie én die kerkgeskiedenis te bedien, te deel. In die gehoorsame navolging van Christus ons Here. Daarvoor sal ons hom nooit dankbaar genoeg kan wees nie.

Trefwoorde

Teologiese Seminarium Stellenbosch
Kweekskool
Nederduitse Gereformeerde Kerk
Teologie
Geschiedskrywing
J.I. Marais
Evangelies
Histories-kritiese teologie
Hoër kritiek

Keywords

Theological Seminary Stellenbosch
Kweekskool
Dutch Reformed Church
Theology
Historiography
J.I. Marais
Evangelicalism/Evangelical
Historical criticism
Higher criticism

194 *De Vereeniging* IX (11) 18 November 1909, 168.

195 *De Kerkbode* XXVI (44) 4 November 1909, 596.